Geregistreer aan die Hoofposkantoor as 'n Nuusblad.

DIE O.B.

Jrg. 10 Kaapstad, 25 Julie 1951 Prys 3d. Nr. 34

# Britse en Franse Verset Teen Spaanse Bydrae

**Politieke waarnemers het reeds lankal berig dat die Franse volk — selfs die anti-kommunistiese deel — ten gunste daarvan is dat Frankryk in 'n oorlog teen Rusland onsydig moet bly. Afgesien van hierdie algemene neiging is Frankryk die tweede sterkste kommunistiese vesting in Wes-Europa. By die verkiesings 'n maand gelede het die Kommunistiese Party ten spyte van 'n diskriminerende kieswet uitgekom as die tweede sterkste politieke groep in die parlement.**

Italië, waar die kommuniste in die jongste verkiesings meer stemme ontvang het as enige ander politieke party, kan glad nie eens in aanmerking kom as 'n Europese vesting nie. Die ander Wes-Europese moondheid wat 'n militêre krag kan vorm, is Duitsland, maar die Duitsers se bydrae word deur sy oorheersers wetlik en sielkundig tot 'n druppel aan die emmer beperk.

**Daar bly dus net een land oor wat moreel en strategies gesond genoeg is om as 'n basis te dien in 'n oorlog teen Rusland. Daardie land is anti-kommunistiese Spanje wat in 1939 geheel en al gesuiwer is van kommunistiese invloede.**

### SY WAARDE

Alle strategeë stem saam dat indien Wes-Europa 'n vastrapplek teen Rusland nodig het, Spanje daardie vastrapplek kan bied omdat Spanje (1) 'n natuurlike „Ooswal" het in die Pireneë, (2) die toegang tot die Middellandse See beheers, (3) 'n stabiele anti-kommunistiese regering het en (4) meer as 200 divisies van die beste vegmateriaal in die wêreld kan lewer.

Van hierdie feit bewus en op aandrang van sy departement van verdediging, het die Amerikaanse regering verlede week 'n afgesant in die persoon van admiraal Sherman na Spanje gestuur om te onderhandel oor die lewering van lug- en vlootbasisse deur Spanje aan die Verenigde State. Daar was ook sprake van 'n moontlike tweesydige verdrag tussen Amerika en Spanje, aangesien Brittanje en Frankryk weier om Spanje tot die Atlantiese verdedigingsbond toe te laat.

### BELEID GEWYSIG

Pres. Truman het dan ook aangekondig dat die Amerikaanse beleid ten opsigte van Spanje „gewysig is op advies van die departement van verdediging."

Teen hierdie ontwikkeling het die Britse en Franse regering hewig beswaar gemaak. 'n Britse woordvoerder het gesê dat Brittanje gekant is teen enige „nadere assosiasie" tussen Spanje en 'n lid van die Atlantiese Verbond.

'n Woordvoerder van die Franse regering het gesê dat toenadering teenoor Spanje kan lei tot ekonomiese hulp aan Spanje waardeur die Francobewind verstewig sal word.

---

Twee miljoen vlugtelinge in die wêreld is nog nie gevestig nie, volgens die V.V.O. se hoë kommissaris vir vlugtelinge, Van Heusen Goedhart. Hulle word nog steeds meer weens die onrus in die wêreld, het hy gesê.

By hierdie getalle is natuurlik nie die 12 miljoen Duitsers wat uit hul Oos-Europese tuistes verdryf is, ingesluit nie.

## SIT STRYD VAN 1937 NOG VOORT



**Die foto hier langsaan is dié van die huidige Britse eerste minister, Clement Attlee. Toe genl. Franco (van wie daar 'n beskrywing verskyn op bladsy 3) met alle nasionale Spanjaarde agter hom in 1937 sy vaderland uit die greep van die kommuniste probeer red het, het hierdie selfde Clement Attlee na Spanje gegaan om die kommuniste te help.**

**Sy bydrae is so gewaardeer dat die rooies 'n militêre eenheid na hom vernoem het — die „Majoor Attlee-kompanie."**

**Vandag nog is Attlee se simpatieë so sterk vir die kommuniste en teen Franco dat hy selfs kwaad is omdat Amerika maar net 'n paar militêre basisse in Spanje gaan aanvra het, hoewel hy sonder die minste beswaar die kommunistiese regering van Sjina erken „omdat die bestaan van die kommunistiese bewind 'n voldonge feit is waarmee rekening gehou moet word."**

**Dit is onder Attlee se bewind dat die vertrouensdienste van Brittanje volgestop sit met kommuniste wat die een na die ander met stapels geheime agter die Ystergordyn verdwyn. Saam met hom in sy kabinet sit twee oud-kommuniste, Shinwell en Strachey aan die hoof van die Britse verdedigingsdepartemente.**

**Dit is saam met hierdie politici wat ons regering beraadslaag oor 'n moontlike oorlog teen Rusland en sy satelliete. Dit is met 'n land wat sulke manne aan die hoof het, waaraan die Unie sy verdedigingstelsel vaskoppel.**

# ROOIES AMPTELIK BESKERM IN BRITTANJE

**Die onthulling dat die twee Britse diplomate wat verlede maand soos groot spelde uit Brittanje na Rusland verdwyn het, nie net lank voor hul verdwyning nie, maar selfs ná hul verdwyning deur hoë amptenare van die Britse regering beskerm is, word deur die deeglik ingeligte Intelligence Digest gedoen. Ook 'n ander britse blad, Union, verwys na die feit dat dit geen geheim was dat die twee manne kommunistiese neigings gehad het nie, maar dat „iemand hoër op" hulle beskerm het.**

Intelligence Digest gee die feite omtrent die twee manne as volg:

**„Mnr. Maclean was besonder nou verbonde aan die Britse Kommunistiese Party tydens die Spaanse Burgeroorlog, en het sterk linksgesinde kontakte en gevoelens. Niemand het iets daaromtrent gedoen nie. Daar word gesê dat hy onlangs wegbeweeg het van die linkervleuel.**

„Sy gedrag tydens sy ampstermyn in Kairo is wyd bespreek en was algemeen bekend in diplomatieke kringe aldaar.

„Mnr. Burgess was in baie moeilikheid betrokke, en was net soos mnr. Maclean 'n kwaai drinker. Vir 'n aansienlike tydperk het hy sterk kommunistiese oortuigings en gevaarlike kontakte gehad."

Na aanleiding van die regering se verklaring dat daar kort voor hul verdwyning ondersoek ingestel was na Burgess se betroubaarheid, verklaar die blad „dat indien sy kommunistiese neigings nie deur amptenare ontdek is nie, hoewel dit alombekend was, daar iets baie groots moet skeel."

### INLIGTING WEERHOU

Nadat die blad beweer dat Maclean toegang gehad het tot 'n baie groot aantal hoogs geheime dokumente, verklaar hy **dat dit blyk dat sekere amptenare vir 'n „kort maar waardevolle tydperk" nie inligting wou verskaf oor die verdwyning nie en dat dit die Franse polisie baie belemmer het in hul soektog.**

Uit Parys is die volgende verslag van 'n intelligensie-waarnemer ontvang:

**„Britse amptenare het, na vermoed word, baie meer geweet as wat hulle gesê het, waardeur die taak van die Franse baie bemoeilik is. Indien die Franse betyds ingelig was, sou die weglopers nie die Ystergordyn bereik het nie . . . Om een of ander onverklaarbare rede was die Britse owerheid blykbaar nie oorgretig om die manne na wie hulle gesoek het, in hande te kry nie."**

Geen gewese simpatiseerder met die kommunisme behoort in 'n regeringswerk aangehou te word nie, is die gevolgtrekking waartoe die blad kom. **Die feit is dat Russiese agente soveel inligting opgestapel het van voormalige kommuniste en ondersteuners dat selfs al raak hulle bekeer, hulle nog nie vry manne en vroue is nie. Hulle kan in elk geval dan nog gedwing word om selfs teen hul wil gevaarlike dinge te doen.**

### DEURTROKKE VAN ROOIES

Die blad beweer dat die Britse veiligheidsmaatreëls „ellendig" is. Volgens lord Vansittart is daar 'n baie groot aantal pro-kommunistiese amptenare in die staatsdiens. **„Nie alleen is die staatsdiens deurtrek van kommunistiese elemente nie, maar ook die kerke, die pers, die nywerheid, die skole en universiteite. Die B.B.C. is sterk bevooroordeeld na links. Die toestand is uiters ernstig, en tensy dit spoedig opgeruim word, sal die ganse veiligheid en moraal van die volk bedreig word . . . Op die oomblik is geen staatsgeheim veilig nie, en diegene wat probeer om die feite te gee, word voortdurend ondermyn deur diegene wat op een of ander wyse met die vyand simpatiseer."**

(Vervolg op bls. 5 kol. 5.)

## ONTHULLENDE BERIG

**'n Uiters onthullende en insiggewende berig van ons Noord-Amerikaanse korrespondent in verband met die buitelandse beleid van die Verenigde State verskyn op bladsy vyf. Daarin word die beskuldiging deur ons buitelandse medewerker SKI dat die Amerikaanse departement van buitelandse sake deurtrek is van kommuniste wat die land se beleid bepaal, baie kragtig onderskryf.**

**Aangesien nuus soos hierdie en ander wat tans gereeld in Die O.B. verskyn, in geen ander Suid-Afrikaanse blad gevind word nie, is dit noodsaaklik dat ons lesers Die O.B. aan ander gee om te lees en terselfdertyd nuwe intekenaars vir ons blad werf.**

## BRAAIVLEIS-AAND

**VRYDAG 10 AUGUSTUS**

om 7-uur nm. op die plaas van
Komdt. C. P. J. DU TOIT,
**HOUTBAAI, Pk. Malanstasie**
Vergadering 8-uur nm.
(Spreker word later aangekondig)

BRAAIVLEIS GRATIS!

Alle offisiere, Brandwagte en vriende word hartlik uitgenooi:

U word versoek om Komdt. Du Toit te verwittig per telefoon (Nr. 6811 Wellington), of andersins, indien u die braaisvleis sal bywoon.

## VERJAARDAGVIERING

Die amptelike verjaardagviering van ons Kommandant-generaal en die Ossewabrandwag, word vanjaar te Lichtenburg gehou, op Saterdag, 8 September 1951, vanaf 3 nm.

Tussen 2- en 3-uur nm. vertrek ons in groepe vanaf die Afrikaanse Koffiehuis, Scholtzstraat, Lichtenburg, na die feesterrein. Sorg dat u voor 3-uur nm. daar aankom.

Alle belanghebbendes word hartlik uitgenooi na die feesviering.

Daar sal volop skaapvleis, wors en lekker Boeregeregte te koop aangebied word.

**PROGRAM:**

4 nm.: Ontvangs van ons K.G. en mev. Van Rensburg. Vlaghysing. Skriflesing en gebed. Verwelkoming H/G. K. J. H. Behrens.

4.30 nm.: Gesellige verkeer — Verkope, ens.

6.30—7 nm.: Aandete.

7 nm.: Oorhandiging van verjaardaggeskenke en adres aan ons K.G. en mev. Van Rensburg: H/G. D. J. van Rooy, voorsitter van Grootraad.

7.30 nm.: Toespraak genl. Petrus Grobbelaar.

8.15 nm.: Toespraak Kommandant-generaal.

**Kom Seker en Kom Vroeg!**

DIE O.B., WOENSDAG, 25 JULIE 1951

# DUITSERS KIES HUL EIE „DUIWEL"

Die Britse regering het sy parlement belowe dat hy eerlang beraadslagings met sy bondgenote gaan hou oor die herlewing van nazisme in Duitsland. Dit is 'n besonder betekenisvolle aankondiging op die vooraand van 'n nuwe wêreldoorlog om die mensdom van kommunisme te verlos. **Indien daar by Brittanje en sy bondgenote in 1945 'n weinig meer besinning was, sou bespreking van die vraagstuk waaroor hulle die wêreld vir ses jaar lank in vlamme gehul het seker nie so gou al nodig gewees het nie.**

Die kreet van die oorlog was dat nazisme uitgeroei en die Duitsers bevry moes word van die Hitlerdiktatuur. Maar toe die oorlog na sy einde gesnel het, het die wraaklus in die enge borsies van die klein politicitjies van die Westerse party-demokrasieë veels te magtig vir hul redetjies geword. Hoewel die opvolgers van die twee Westerse Teheran-knoeiers (Roosevelt en Churchill) die amptelike Morgenthau-plan vir die vernietiging van Duitsland uiteindelik ná ondertekening, laat vaar het, het die behandeling wat aan die Duitsers uitgemeet is deur die Attlee—Truman—Stalin-spil — nogal onder die skoolmeesteragtige betiteling van „demokratiese heropvoeding" — so weinig verskil van die dinge waarvan hulle juis die Duitse leiers beskuldig het, dat die Duitse volk insover daar sprake van „heropvoeding" was eintlik maar 'n tweede dosis van dieselfde „gif" ontvang het in plaas van 'n teenmiddel. Geen wonder dan ook dat die Westerse „demokrate" ses jaar na hul oorwinning oor „nazisme" nou al weer in die raadsale moet vergader om opnuut teen „nazisme" te velde te trek nie!

## DEMOKRATIESE VOORBEELDE

**Onderwyl die Duitse volk se leiers tereggestaan het weens die „gedwonge verwydering van mense" het die besluite van die oorwinnaars om vyftien miljoen Duitsers uit hul eeu-oue tuistes soos skutvee te verdryf, in grusame voltrekking gegaan. Selfs Suid-Afrika het aan hierdie massa-uitdrywing deelgeneem toe honderde Suidwes-Duitsers so laat nog as 1948 aangemerk was om na die reddelose Duitsland verskeep te word.**

**Twee jaar nadat die Duitse leiers al opgehang was omdat hulle onder meer „slawe-arbeid" tydens die oorlog sou gebruik het om hul nywerhede aan die gang te hou, het daar nog 'n paar honderdduisend Duitse krygsgevangenes in Brittanje slawe-arbeid verrig — drie jaar na afloop van die oorlog! Selfs in Mei 1950 is berig dat daar nog duisende Duitse krygsgevangenes in Brittanje aangehou word!**

**Op die oomblik toe die vonnisse van Neurenberg voltrek is onder meer omdat die Duitse regering politieke teenstanders in interneringskampe gestop het, was daar nog 4½ miljoen Duitse „nazi's" in konsentrasiekampe waar hulle moes bly totdat hulle politiek „heropgevoed" was.** So lank is hierdie kampe aangehou dat die Britse Times so onlangs as verlede jaar vir die eerste keer oor die voortsetting van die kampe gekla het toe hy ontdek het dat die Russe alreeds begin het om opregte „demokrate" in die nazi-kampe binne sy besettingsgebied te stop vir kommunistiese heropvoeding!

Dit is maar 'n paar van die groot praktiese weersprekings van die oorwinnaars se politieke sedepreke — om maar liewer te swyg oor die ophang van teenstanders ses jaar na gevangeneming en die veroordeling van militêre offisiere wat vry staan van enige aanklag onder die oorlogsreg, maar nou skuldig bevind is onder 'n nuwe volkereg wat gemaak is om **reeds gedane handelinge** tot misdaad te verklaar.

## WEINIG GELEER

Die enigste onderrig wat Duitsers in die demokrasie gehad het, was wanneer groepies jong Duitsers as toeskouers na die Britse parlement aangery is waar hulle die „werkinge van die demokrasie" van digby kon gaan bewonder. Wie uiteindelik die meeste geskok was in die werkinge van die demokrasie — die handjievol jong Duitsers wat op die politieke sirkus daaronder neergegaap het, of die groot massa Duitsers wie se familielede in slawe- of politieke konsentrasiekampe gekwyn het, is moeilik om te raai. **Maar die feit dat Britse politici reeds weer moet aankondig dat hulle met hul bondgenote gaan beraadslaag oor die opkoms van 'n nuwe nazisme, laat blyk dat die Duitsers hul eie kruis in ieder geval veel ligter gevind het as dié wat hul „bevryders" hulle gebied het.**

**Miskien sou Attlee en Truman vir die demokrasie 'n veel groter diens bewys het indien hulle liewer die oorwinnaarsvoorbeeld van Hitler gevolg het in plaas van die voorbeeld van sy „skrikbewind-karikatuur" soos dit aan hulle deur kwaadwillige propagandiste geskilder is. Toe Hitler Frankryk oorrompel het, het hy daardie vyandsland met onbesproke ridderlikheid en staatsmansgrootheid behandel. Midde in die oorlog het hy die Franse nie opgesaal met 'n militêre diktatuur nie, het hy nie met praatjies van onvoorwaardelike oorgawe of met verhore van „oorlogsmisdadigers" gekom nie, maar het hy so 'n toegeeflikheid aan die dag gelê dat die wapenstilstandsvoorwaardes van die Bos Compiégne soos 'n laaste suil van geregtigheid vertoon in 'n wêreld waarin die laaste reste van sedelikheidsbesef — op internasionale gebied, altans — blykbaar vir goed saam met die slagoffers van Neurenberg in die graf neergedaal het.**

# Van Die Os Op Die Esel

## Deur Sybrand

## TWEE VRAE

Ek het hierdie week 'n brief ontvang van mnr. Johan Fischer, Carolina. Hy skryf:

Vandag wil ek sommer reguit gesels. Daar is twee vrae wat nogal moeilik sal wees om te beantwoord:

(1) Wat doen die O.B. vandag?

(2) Wat doen lede van die beweging?

Nouja, die eerste word baie gevra deur ons partyvriende. Dan voeg hulle daarby: „Bestaan die O.B. nog?" Ek moet u sê behalwe vir die amptelike orgaan kan ek nie lewe bespeur nie. Ek het omstreeks 1 Julie 1949 weer aangesluit, en sedertdien het ek die periodieke omsendbriewe ontvang tot die gestaak is. Ander kontak met mede-lede en offisiere het ek geen. Ek weet nie wie my onmiddellike offisier is nie, en die enigste informasie van die beweging kry ek uit die amptelike orgaan, wat somtyds darem baie ekstrimisties raak. (Dit is miskien nodig, by gebrek aan 'n ander organisasie of liewer koerant wat die saak kan propageer). Dus die O.B. doen nie veel of liewer niks hier rond nie. Nou ek voel dat 'n beweging soos die O.B. beslis agteruit sal gaan as daar nie gewerk word, kampe gereël en meer dikwels vergaderings gehou word nie. Ek was dikwels al op partypolitieke vergaderings en hulle is maar almal eenders, maar die K.G. het jare gelede hier 'n vergadering gehou wat werklik 'n indruk op my gemaak het vir sowel die opkoms as die ordelikheid wat geheers het.

Om by die tweede vraag te kom; hoeveel lede propageer die beginsels ernstig? Somtyds kry ek die indruk dat ons lede bang is dat die publiek moet weet dat hulle lede is van ons beweging. Plaaslik weet ek maar net van 4 of 5 wat lede is. Ek weet net van een in wie se huis 'n wapen hang en ek het nog nooit iemand raakgeloop wat die wapen op die lapel of das dra nie. Nouja, vir almal is dit miskien nie moontlik nie, maar wat van die ander? Is hulle skaam?

Ek dra die wapentjie gereeld op my baadjie-lapel en dit amuseer my hoe veral Sy Majesteit se opposisie skrik en half terugdeins as hulle dit herken. Nietemin kan ek nie merk dat enige van hulle my juis vermy omdat hulle weet wat my gevoelens is nie.

Nog verlede jaar was ek in 'n goedbewaakte militêre inrigting saam met die broer, en as gas van die offisier in bevel. My vriend vertel toe so in die stilte aan die offisier dat ek 'n O.B. is, en aan tafel spreek ek hardop my afkeuring uit oor die baie prente van die Britse koning wat oral aan die mure hang en in die bioskope vertoon word. Maar weet jy, neef Sybrand, dit was of daar 'n yswater-bom tussen hulle ontplof het. Niemand kon eintlik iets sê in die volgende oomblikke nie.

Kyk, neef Sybrand, ek het nou lekker gesels en ook gekritiseer miskien, maar ek hoop dit sal as opbouend beskou kan word. Laat weet 'n mens bietjie waarheen ledegeld nou gestuur moet word (of betaal ons nie ledegeld as ons nie offisiere het nie?).

## EKSTREMISME

Daar is baie weinig in die brief van my geagte leser waarmee ek nie kan saamstem nie. Selfs sy „kritiek" dat ons amptelike orgaan soms „darem baie ekstremisties" raak. Die profete van die ou tyd was ook ekstremiste, soms so ekstremisties dat hulle doodgemaak is omdat hulle geen doekies om die waarheid wat hulle moes verkondig kon en wou draai nie. Ons eie voorgeslagte was sulke ekstremiste dat hulle in die geval van die Voortrekkers selfs deur hul kerk as't ware verwerp was, en in die later jare het hulle ekstremisme hulle so dikwels in botsing met Sy Majesteit gebring dat byna al ons voormanne die een of ander tronktermyn by hul kwalifikasies kon voeg. Hoe platter 'n volk lê, deste hoër punt diegene wat die kop oplig uit as „ekstremiste." Hoofsaak is nie of mens die rustende massa te ver vooruitloop nie, maar of jy in die regte rigting beweeg en of wat jy doen, waar en eg is.

Maar ons sien vandag hoe ons volk op 'n slinkse manier van sy koers af gelei word deur sekere voormanne wat, behalwe miskien vir 'n sterker gevoel vir hul Afrikaanse kultuur, baie weinig verskil van die standpunt wat manne soos Botha en Smuts gehuldig het. En die gevaar hiervan is dat mense dit as slegs 'n geleentheidsafwyking beskou en daarom saamgaan daarmee, net soos Botha se volgelinge sy imperialisme aanvanklik ook maar as geleentheidspolitiek beskou het, maar in die loop van jare heeltemal getroud geraak het daarmee. Wanneer almal hieroor swyg, nee, dit hoofknikkend goedkeur, dan is dit nodig dat iemand die alarm maak, hard en aanhoudend. Daarom is ek dan ook bly dat my leser self ook hierdie punt insien wanneer hy sê dat dit miskien nodig is by gebrek aan 'n ander organisasie of koerant wat die saak kan propageer.

## *Oorsake van Agteruitgang*

Die eerste vraag: wat doen die O.B. vandag, word dan ook besonder aktueel in die lig van die vervalsing van ideale wat op die oomblik aan die gang is. Die Ossewabrandwag het in groot kolle van die land so 'n bietjie uitgespan ná die Afrikaneroorwinning by die stembus in 1948. Vir baie het dit gevoel of die jare-lange stryd teen die Empire-bewind nou afgelos is deur hierdie oorwinning. „Dis nou ons mense wat op die groen kussings sit, en nou is die Kaap weer Hollands," was die algemene gevoel. Hierby het gekom dat baie van ons mense ook nog ten slagoffer geval het van die nuutste „dooie-gogga-taktiek" van Brittanje. „Brittanje is kapot, en dis nog net 'n kwessie van 'n paar jaar voordat ons 'n elk geval van hom verlos raak," het hulle gereken. In nasionale koerante lees hulle dan ook nog boonop dat die Britse Statebond nie meer „Brits" is nie. Ons volk gevoel nie meer die behoefte aan stryd vir sy ideale nie omdat hy eensdeels glo dat alles reg is of in die proses is om reg te kom onder 'n Afrikaanse bewind en andersdeels dat die afsterwe van Brittanje alle verdere stryd oorbodig maak.

Maar 'n koue ontnugtering staan vir hierdie gedagtegang net om die draai!

## *Republikeine Begin Roer*

Ek merk egter reeds 'n roering onder republikeine dwarsdeur ons land — ook buite die Ossewabrandwag. Republikanisme is nog 'n faktor en hoewel 'n deel hulle net soos in 1912 sal laat weglei na vreemde oorde, sal die kernvaste republikeine vroeër of later begin vasskop. Ek verwag 'n ontwaking in die nabye toekoms, en dit sal ook sy betekenis vir die Ossewabrandwag hê. Daar bestaan 'n wye gevoel dat alle republikeine op die een of ander wyse hul geledere moet sluit. Watter vorm dit sal aanneem, sal ons nog moet sien, maar die tyd van uitspanning nader vinnig sy einde. Ek voorsien dat offisiere wat te lank hul plig versuim, vervang sal word deur nuwe leiers tensy hulle betyds weer die teuels in hul omgewing opneem. Die republikeinse ideaal het al baie vyande en baie begogelings moes weerstaan, maar hy kon nog nooit geblus word nie. Telkens wanneer sy draers beswyk of moeg geword het, het nuwes in hul plek opgestaan om dit verder te neem.

## *Wat Kan Lede Doen?*

By die tweede vraag: wat doen lede van die beweging? hoef ek nie lank stil te staan nie. My leser beantwoord die vraag grootliks self deur te beklemtoon dat elke lid sy standpunt moet uitdra in sy omgewing, al is dit ook al binne in die kraal van Sy Majesteit. Maar ek wil nog een taak onderstreep, en dit is om nuwe lesers te soek vir ons blad. Ons koerant is vandag die belangrikste skakel soos ons leser uit Carolina self getuig. Maar dit is nie net 'n skakel nie, dit is die enigste koerant vandag in ons land wat onbevrees die republikeinse saak bepleit. Die Afrikaanse dagbladpers swyg nie net alleen omdat hy as party-orgaan die swye van bo opgelê word nie, maar word as instrument gebruik om ons volk van sy historiese koers af te bring. Hierdie pers maak ons volk mak vir die Empire.

Maar nie net is DIE O.B. die eensame kampvegter vir die republiek nie, hy bevat vandag besonder insiggewende nuus oor buitelandse aangeleenthede en strominge wat in geen ander blad in Suid-Afrika verskyn nie. Ons geniet die medewerking onder andere van buitelandse kenners van wêreldpolitiek wat die lig laat val op toestande wat van die uiterste belang vir ons land se buitelandse beleid is. Hoe akkuraat hul waarnemings is, blyk onder meer uit die berig in verlede week se O.B. dat 'n aantal amptenare van die Amerikaanse departement van buitelandse sake geskors is weens hul ontroue neigings. Toe SKI in een van sy eerste bydrae gerep het van 'n onsigbare kommunistiesgesinde invloed in die Amerikaanse buitelandse departement, het dit seker vir meer as een leser 'n bietjie aangedik gelyk. Latere gebeurtenisse onderskryf sy stelling.

Laat elkeen hom uitsit vir 'n groter leserkring en ons suurdeeg sal die volk binnekort laat rys!

---

**Sedert die proklamasie van die Grondbewaringswet van 1946** is reeds **7,568,080** van die **29,460,130** morg grond waaroor die departement van landbou se streekkantoor in Bloemfontein beheer het, tot grondbewaringsgebied verklaar. **3,515,000** van die **8,293,300** morg grond wat in die Suid- en Wes-Vrystaat onder die streekkantoor ressorteer, is tot bewaringsgebied verklaar.

# FRANCO HET GRONDSLAG VIR OORWINNING IN EUROPA GELÊ

**Spanje, 4 Oktober 1934.**
**Gewapende kommunistiese bendes gryp na die mag in die provinsie Asturia.**
**'n Rooi leër word opgestel.**
**Die eerste Sowjet-republiek kom in Spanje tot stand.**
**Die ou Spaanse geld kry 'n nuwe gesig — die hamer en sekel, die simbool van Rusland, word op die munt geslaan en as betaalmiddel in omloop gebring.**
**Universiteite, biblioteke, stadshuise, kerke en villas gaan in vlamme op.**
**Hoë sowel as lae beamptes, predikante en mense van die intelligentsie word vermoor.**
**Predikante word met lampolie nat gegooi en aan brand gesteek.**

*Deur Ski*

Teen 18 Oktober is die middelpunt van die stryd die mooi en welbekende stad, Oviedo, 'n puinhoop.

Die Marxistiese regering van Spanje wat met die kommuniste simpatiseer word gedwing om regeringstroepe na Asturia te stuur om nog meer gewelddade te verhinder.

**Die generaal van die troepe is die jongste generaal in die Spaanse leër, maar hy is baie suksesvol.** Hy handhaaf wet en orde met 'n harde hand. Hy veg nie alleen teen die kommunistiese rebelle nie, maar hy vang ook die ondergrondse helpers en is op die spoor van die geheime leiding van die hele Spaanse kommunisme.

### REGERING KNOEI SAAM

Die regering word bang vir die jong generaal, want dit is hy wat dinge uitgevind het. Hy vind dat ministers van die regering die kommunistiese opstokers ondersteun en hulp aan die rebelle verleen.

Skielik word die generaal, as 'n goewerneur verplaas na die Kanariese Eilande. Daar kon hy vir die regering nie gevaarlik word nie.

**Die naam van die dapper en bekwame generaal het wêreldbekend geword; hy is generaal Francisco Franco, die Caudillo, die huidige leier van Spanje.**

Toe in 1936 die toestand in Spanje van dag tot dag erger geword het die gevaar bestaan dat Spanje dieselfde weg sal opgaan as Rusland 19 jaar tevore, het die Spaanse partye vergader en beraadslaag wat om te doen.

### SOEK LEIER

Die partye is gewillig om saam te werk maar die moeilikheid was: wie sal die leier wees?

Die hertog generaal Varela, 'n vooraanstaande monargistiese leier, was vir die republikeine en die vakunies nie aanneemlik nie.

Generaal Queipo Di Llano, die militêre leier van die nuwe party „Falange" kon nie deur die monargiste aanvaar word nie omdat hy bogenoemde party verlaat het om by die Falange aan te sluit.

Dieselfde moeilikheid het vir al die ander leiers van partye gegeld.

Maar daar was 'n man wat geen partypolitikus was nie, hy is 'n goeie soldaat, hy behoort nie aan die aristokrasie nie, hy is burgerlik maar uit 'n ryk en welbekende familie, hy is generaal Franco, die held van Asturia.

### GEKIES

**Spaanse partyleiers en diplomate kies generaal Franco, in Junie 1936, as leier van die nasionale Spanje.**


'n Engelse vliegtuig bring generaal Franco van die Kanariese Eilande na Marokko. Hier berei hy alles voor om met sy troepe na Spanje oor te gaan. Sy moeilikheid is egter dat hy nie genoeg skepe het om sy troepe vinnig na Spanje te neem nie.

Op 16 Julie word die monargistiese politikus, Calvo Sotelo deur Marxistiese polisie in Madrid vermoor. **Generaal Franco stuur 'n telegram aan sy Duitse vriend, admiraal Canaris, waarin hy hom van sy moeilikheid verwittig. Canaris bewerkstellig dat Duitse Junker-transportvliegtuie Franco en sy leër na Spanje neem.** Vanaf Julie 1936 tot die lente van 1939 duur die burgeroorlog in Spanje voort.

### ENGELSE WEIER HULP

Gedurende die tyd het die nasionale Spanjaarde by die regerings van Engeland en Frankryk om hulp aangeklop. Hulle versoek bogenoemde om Spanje van die see af te blokkeer en die Pireneë te sluit sodat die kommuniste geen wapens of hulp kon kry nie. **Engeland en Frankryk het die versoek geweier omdat hulle nie van die Spaanse nasionalisme gehou het nie.**

Met die val van die hoofstad, Madrid, is die kommuniste verslaan en die burgeroorlog is verby.



**Die propaganda-leuen dat Franco 'n diktator is kom natuurlik vanuit Rusland. Engeland en Frankryk blaas deur dieselfde trompet, uit vriendskap vir die kommuniste en versprei die storie deur die hele wêreld.**

**Generaal Franco is deur vier partye as hoof van Spanje gekies en dit is bewys genoeg dat hy geen diktator is nie. Generaal Franco is nie eers 'n diktator-tipe nie. Hy gebruik geen krag-retoriese of bombastiese woorde nie. Hy verafsku die verafgoding van die persoon.**

### GROOT DIPLOMAAT

Wat hy wel het, is die waardevolle eienskap om die diplomasie tot 'n meesterlike kuns te ontwikkel.

Sy roeping tot leier van die nasionale Spanje was 'n goeie diplomatiese skaakset van die Spaanse partyleiers.

Dat Franco so lank die leier van die Spaanse volk kon bly, word toegeskryf aan sy diplomatiese meesterskap.

Dat hy in die tweede wêreldoorlog, ten spyte van die politieke druk van albei kante, Engeland en Duitsland, nie in die oorlog getree het nie, is 'n eersterangse diplomatiese kunsstuk.

### SELFBEHEERSING

**Dat hy ten spyte van die nasionale smaad, Gibraltar nie gestorm het nie, bewys dat hy die diplomatiese kuns beheers en 'n realistiese politikus is.**

**Dat die Kommunisme tot vandag nie in staat was om sy houvas op Spanje terug te win nie, is geheel en al aan Franco te danke.** Hy simpatiseer met die „Falange"-party, wat 'n nasionale arbeidersparty is. Hy doen alles in sy vermoë om die swaar bestaan van die werkende volk te vergemaklik.

Dat hy Spanje vrygemaak het van kommunisme en tot vandag vry gehou het, het hy wel nie aan die Westerse beskawing 'n oorwinning gebring nie, maar die moontlikheid vir 'n oorwinning geskep.

En om hierdie rede alleen behoort elke Europeaan Franco dankbaar te wees.

## ELKE 2 MAANDE VAL 3 VLIEGTUIE BY LANGEBAAN

**Die negende Britse Spitfire, waarmee Suid-Afrikaanse loodse by Langebaan vir diens in Korea opgelei word, het sedert die begin van hierdie jaar neergestort. Die loods, lt. A. J. McCleod, het met sy valskerm uitgespring toe die vliegtuig in die lug eers moeilikheid gegee en toe aan die brand geslaan het.**

**Die gemiddeld waarmee vliegtuie by Langebaan neerstort, is dus $1\frac{1}{2}$ per maand.**

In plaas van 'n kommissie van ondersoek aan te stel, behoort die regering die waarskynlikheid van sabotasie te aanvaar en daarvolgens te handel, o.a. deur 'n stelsel van verplasing of uitruiling van die grondpersoneel.

Die verliese aan lewens en materiaal kom die Unie op die op end duurder by Langebaan te staan as in Korea.

# KAPITALISME IN AKSIE: VAN EEN UITERSTE NA ANDER

**Omdat die lewe so duur geword het dat die publiek nie meer so volop kan koop soos die winkeliers dit begeer nie, word daar in die jongste tyd allerweë berig van groot „prysoorloë" tussen groot winkels. Goedere word soms selfs weke aaneen byna verniet en selfs verniet weggegee in 'n poging om van oortollige voorrade ontslae te raak.**

In Brittanje gee sekere winkels nou alle geld aan klandisie terug waarvoor hulle goedere binne 'n sekere (onbekende) uur van die dag daar gekoop het.

Die jongste berigte kom van Holland waar winkels eers begin het om klere en ander artikels as presente by te voeg wanneer mense by hulle koop. Later is die pryse so verminder dat pakke klere vir een pennie stuk van die hand gesit is en nog later selfs 'n blote soen!

**Darem 'n eienaardige ding die kapitalisme! Eers lê deputasies van die handel voor die drumpel van die regering om toestemming vir hoër pryse af te smeek. As dit nie gebeur nie, sal hulle hul winkels moet toemaak, want die verliese word te groot, lui die deuntjie gewoonlik. Maar as die pryse uiteindelik buite bereik van die belastingbelaaide publiek raak, dan kan pakke klere sommer vir 'n soen weggegee word, en die deure bly oop!**


## Lok Jakkals Na Slagyster Met Geheime Stof

'n Geheime Duitse middel wat die vangs van jakkalse sommer kinderspeletjies maak, was na berig word, so geslaagd dat meer as 50,000 vossies reeds in Duitsland deur middel daarvan gevang is.

Dit is 'n vloeistof wat so 'n aantreklike geur vir 'n jakkals het dat dit vir hom onweerstaanbaar is. Dit is buitendien 100 maal sterker as die reuk van enige dier. Die middel word aan 'n dikkerige tou gesmeer en dan deur die veld na 'n slagyster gesleep. Die middel „Jagtersgeheim" word glo tans ingevoer.

## Moet Kinders Verminder Sê Indiërleier

Nehru, die eerste minister van Indië, het verklaar dat die regering geboortebeperking in Indië moet aanmoedig om die aanwas van die bevolking aan bande te lê. Indië se bevolking het die afgelope tien jaar met 42,000,000 vermeerder. Daar moet begin word met gesinsbeplanning, het Nehru gesê.

Waar u ook mag wees

Kommando

—die gewildste Suid-Afrikaanse sigaret




GI-3062-AF

**TARIEF VIR GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES:**

**Huishoudelike Kennisgewings:**

(Verlowing, huwelik, geboorte, sterfgeval, in memoriam, gelukwensing, ens.) 1d. per woord; minimum 2/6 per plasing. Vooruitbetaalbaar. Vir herhalings 25 pst. afslag.

**Handelsadvertensies:**

Eerste plasing 2d. per woord. Vir herhalings 25 pst. afslag.

**Intekengeld op „Die O.B." (verskyn weekliks): 12/6 per jaar of 6/3 per** 6 maande. Vooruitbetaalbaar. Stuur advertensiegeld, bestellings, en intekengeld na **VOORSLAG (EDMS.) BPK., Posbus 1411, Kaapstad.**

### VERLOWING

THERON — CILLIERS.—Hiermee wens ons, Jane, jongste dogter van mnr. en mev. G. D. Cilliers van Beaufort-Wes en Danie, seun van wyle mnr. en mev. P. J. Theron (voorheen Williston) aan familie en vriende bekend te maak dat ons op 20 Julie verloof geraak het. 25/7/1

### GRYSHARE

**GRYSHARE** herstel, skilfers verwyder, haregroei bevorder, jongvoorkoms verseker, dit waarborg **GRYSHAARWONDER**, die jongste kunsmatige wêreldwonder haar- en kopvel voedingsmiddel u, skadeloos, kleurstofvry, 5/- per bottel geld met bestelling. **Boeregeneesmiddels, Posbus 4272, Johannesburg.** C/1/9/49

**Gryshare en baard** binne een maand tot natuurlike kleur herstel of geld terug, vry van kleurstof. Bevorder haregroei, verwyder skilfers. 5/6 per bottel, posvry. Kontant met bestelling. **Die Boerevrou, Posbus 7559, Johannesburg.** G14/6/50

*Vir Meubels en Radios Phil Morkel is U man!*

**Besoek ons Tak in die Wandelgang, Groote Kerk-gebou, vir Radio's, Elektriese Toestelle en Meubels. Skryf aan ons Posbestellingsafdeling, Phil Morkel, Posbus 2721, Kaapstad.**

### TE KOOP

**SWART AUSTRALORP KUIKENS,** waarop u trots kan wees en daar is geen rede waarom u hulle nie almal groot sal maak nie. Kry hulle net teen 6/10/- k.m.b. van **E. BOTHA,** Bus 1128, Bloemfontein. 4/7/1

### MEDISYNE

Verwyder die wortel van u kwaal of siekte en herstel u regmatige erfenis GESONDHEID, ons beskik oor die middels en behandel alle siektes, skryf, inligting gratis.—**Boeregeneesmiddels, Posbus 4272, Johannesburg.** A/1/9/49

**Siektes en kwale verban!** Operasies vermy en gesondheid herstel. Waarom dan sal u langer ly? Skryf, meld besonderhede, raadpleeg **Die Boerevrou,** Bus 7559, Johannesburg. (Nr. 2) 1/9/49

### MEUBELS

**MEUBELS.**— Beter meubels teen billiker pryse Babawaentjies, stootkarretjies, driewiele, linoleums, tapyte, ens., ook altyd in voorraad. Geen Katalogus. Meld waarin u belangstel —**VISSER-MEUBELS, Langstraat 179,** Kaapstad. 3/12/1

### RADIO

**LOUW EN LOUW,** die Beroemde Radio-ingenieurs, Stasieweg, PAROW verkoop en herstel Radio's en Elektriese Toestelle. Geregistreerde **Elektrisiteits**aannemers. Foon 9-8435

**Verkoues kos Suid-Afrika** tussen £5 miljoen en £6 miljoen per jaar weens die afwesigheid van werkers, volgens die S.A. Nasionale Ontwikkelingstigting en die Rooikruisvereniging. Dit is nie raadsaam dat mense wat verkoue het ander soen nie, word verklaar.

# *Teken in op DIE O.B.!*

**Suid-Afrika is vandag 'n Koninkryk onder 'n Britse koning:**
**DIE O.B. veg vir 'n Republiek onder 'n Afrikaanse President.**

DIE O.B.

- Verwerp die **Partystelsel** wat die volk verdeel en veg vir die **Partylose Eenheidstaat.**
- Verwerp verteenwoordiging deur **handlangers van politieke partye** en veg vir regering deur **vrye volksverteenwoordigers en deskundige beroepsverteenwoordigers.**
- Verwerp die **Kapitalisme** en veg vir **'n Afrikaner-volksekonomie.**
- Verwerp die politieke, maatskaplike en ekonomiese **integrasie** van die nie-blankes en veg vir **territoriale apartheid.**

DIE O.B. wil 'n vrye, eensgesinde, en welvarende S.A. bou.
**DIE O.B. se ideaal is ook u ideaal. Help om dit te verwesenlik.**

## *Intekenvorm*

*Neem asseblief my naam op as intekenaar op „Die O.B." tot ek u in kennis stel om toesending te staak.*

*Hierby ingesluit vind u die bedrag van....................*

*....................vir die eerste....................maande.*

*NAAM....................*
(Naam en Adres in Blokletters)

*POSADRES....................*

....................

....................

....................

*Handtekening.*

**Intekengeld: 12/6 per jaar of 6/3 per halfjaar.**

**Voeg asseblief Kommissie by plattelandse tjeks.**

## *Ander Se Menings*

# Parlementêre Verhogings Onverdedigbaar

**„U het wel probeer om die vergoeding in een van u hoofartikels te verdedig. Afgesien van al die redes wat u aanvoer om die verhoging te regverdig, het u, vrees ek, nie 'n verdedigbare saak gehad nie. As die salaris van £1,000 finansiële verliese meebring, sal die ekstra £400 nie soveel verskil maak dat dit ander sal aantrek nie," skryf ‚Anti-selfhelp' in Die Transvaler na aanleiding van die verhoogde parlementêre salarisse.**

**Neem aan dat L.V.'s 'n verhoging verdien. Dan ontstaan die vraag wat van die honderde verdienstelike gevalle moet word wie se aansoeke gewoonlik geweier word weens gebrek aan fondse. Die staatsdiens, universiteite en ander staatsinrigtings verloor gedurig van hulle beste kragte, omdat die salarisse ontoereikend is. Ook kan geen fondse tot beskikking van universiteite gestel word om met noodsaaklike navorsingswerk voort te gaan nie.**

By die indiening van die wysigings-wetsontwerp vir die verhoging, het die eerste minister onder andere die lewensduurte aangevoer as rede vir die verhoging. Staatspensionarisse wat hul beste jare vir die volk veil gehad het, ondervind ook dieselfde moeilikheid. Tog word geen pennie lewensduurtetoelae aan hulle toegeken nie. Hulle het geld van goeie waarde tot die pensioenfonds bygedra, terwyl die fonds hulle nou in gedepresieerde munt uitbetaal. **In hulle geval, so word beweer, sou dit in stryd met die wet wees om tegemoetkoming te verleen. In die geval van die L.V.'s was dit ook in stryd met die grondwet. Tog kon hierdie wet op verrassende snelle wyse gewysig word om die verhoging te wettig.** Die lewensduurte druk net so swaar op staatspensionarisse as op L.V.'s en kan die wet dan nie in hulle geval ook gewysig geword het nie?

Die hele saak laat 'n slegte smaak in die mond na. Ek hoop u sal kolomme oopstel vir kritiek.

Hierdie diskriminasie dra seker nie die goedkeuring van die volk weg nie. Net soos hulle ook nie die bewering van adv. Strauss dat dit 'n „dor en onvrugbare" sitting was, sal goedkeur nie. Benewens die menige goeie stukke wetgewing het die sitting vir die volksraadslede wel veel vrug afgewerp.

## Professore en L.V.'s

**Aangesien ek onder die indruk was dat geen geld beskikbaar is vir hoë salarisse in enige afdeling van die staatsdiens nie, moet ek eerlik beken dat die nuwe verwikkeling ten opsigte van die salarisse van L.V.'s vir my 'n skok was, skryf Boerseun, van Pretoria, in Die Transvaler.**

'n Mens dink dan onwillekeurig aan die moeilike stryd wat universiteite in die afgelope jare voer om 'n hoër staatstoelae. Dit is vreemd dat daar nou 'n som geld beskikbaar is wat nie veel kleiner is as die ekstra toelae wat die universiteite nodig het nie, maar wat hulle tot dusver ontsê is op grond daarvan dat geen bykomende las op die skouers van die belastingbetaler gelê kan word nie.

Die gevoel begin nou posvat dat die Regering nie reg laat geskied aan die hoër onderwys van die land nie. Dit is 'n uiters ongelukkige toedrag van sake. Die universiteite kweek die leiers van die toekoms. Hoeveel van ons huidige ministers is nie die produkte van ons universiteite nie? Deur die finansiële stryd van die inrigtings word universiteitstudie alhoemeer gestrem. Die prys hiervoor sal die land later moet betaal.

Ek is bewus daarvan dat 'n kommissie van ondersoek aangestel is in verband met universiteitstoelae. **Maar dit is juis wat nou so ongerymd is, 'n dringende opvoedkundige aangeleentheid word met die grootste versigtigheid en omslagtigheid gehanteer, terwyl ander sake met die grootste spoed en doeltreffendheid feitlik oornag afgehandel word.**

## Wes-Kaapland Word Swart

Die Westelike Provinsie het die afgelope twintig jaar „swart" geword, was prof. H. Valkhoff se mening toe hy onlangs oor sy indrukke van Suid-Afrika uitgevra is.

Prof. Valkhoff, wat pas uit Nederland aangekom het om 'n professoraat in Frans aan die Universiteit van die Witwatersrand te aanvaar, meen dat die persentasie naturelle wat 'n mens vandag in Kaapstad en Stellenbosch opmerk, in vergelyking met 1931 toe hy laas daar was, verbasend is. Die kleurlinge wat toe sowat die enigste nie-blanke element in die Boland was, is vandag minder opvallend as die naturelle, het hy gesê.

## Vrees Vir Afrikaans

**Nou het 'n nuwe stap gevolg om Suid-Rhodesië van die invloed van Afrikaners te probeer vry hou. Van 1 September a.s. af sal dit vir emigrante uit die Unie moeiliker wees om hulle in Suid-Rhodesië te gaan vestig, skryf Die Transvaler.**

Dat verlede jaar meer as 10,000 persone uit die Unie na Suid-Rhodesië gegaan het teenoor nog geen 3,000 uit Brittanje nie, vervul die regering van hierdie gebied met angs en vrees. 'n Suid-Rhodesiese minister het dan ook ronduit verklaar: „Die regering voel dat die tyd aangebreek het dat hy iets moet doen om emigrasie uit Brittanje aan te help om hierdie verskil enigermate uit te wis." Kommentaar op hierdie uitlating is oorbodig.

Die vraag of hierdie nuwe soort Sjinese muur sal kan verhinder dat Afrikaners hul invloed in ander dele van Afrika sal laat geld, hoef hier nie verder bespreek te word nie. Daar hoef slegs op gewys te word dat diegene wat hierdie vyandige gesindheid teenoor die Afrikaner openbaar, vir hul bestaan tog van die Afrikaner afhanklik is. Indien die Unie-regering nie op grootmoedige wyse al Suid-Rhodesië met mielies en rollende materiaal gehelp het nie, sou verhongering sy inwoners in die gesig gestaar het. So pas weer moes sir Godfrey Huggins waarsku dat, indien daar oorlog uitbreek, die voedselposisie in Suid-Rhodesië kritiek sal wees. Natuurlik sal die vaderland van die Afrikaner dan weer moet help.

Inderdaad, die Afrikaner se krag verwek vrees. Sy grootmoedigheid oes egter ondankbaarheid in.

## Britte En Jode Se Voetafdrukke Stem Ooreen

**Die vel van 'n mens se voet bevat 'n magdom van inligting omtrent die karakter van die individu, sy ras, gesonde verstand, sy geestelike samestelling en sy afkoms, verklaar dr. E. S. Priester, van Johannesburg, in 'n referaat wat hy voorberei het vir die kongres van wetenskaplikes in Durban.**

'n Ondersoek wat deur hom gedoen is van meer as 700 enkele voetafdrukke, het 'n treffende ooreenkoms tussen Joodse en Britse voete aan die lig gebring. Die voet van die Afrikaner is duidelik verskillend van die Engelse voet wat betref lengte, omvang en die merke van die voetsool, sê dr. Priester.

Ten einde die oorsake van die ooreenkoms in die bou van die voete te bepaal, het hy die geskiedenis van die Britse volk nagegaan.

'n Studie van die geskiedenis van Israel dui daarop dat die Britse koninghuis afstam van koning Dawid van Juda en die hertog van Windsor, broer van koning George, is die honderdste geslag van 30 jaar elk. Hy is ook David genoem, aldus dr. Priester se uitleg.

Die geskiedenis bewys dat die huidige bevolking van Brittanje die nageslag is van die stamme van Israel wat die Britse Eilande beset het nadat hulle oor Duitsland gekom het.

Die sterk Joodse invloed op die Britse volk kan ook gesien word in die feit dat al die manspersone van die koninghuis besny is.

Dr. Priester meen dat elke soldaat wat na die slagveld vertrek, eers sy voetafdrukke moet laat neem. Die merke aan die voet kan gebruik word by die uitkenning van persone.

## Platteland Nie Meer Vry Van Euwels

**Die krag van die godsdienstige tradisie wat die plattelandse bevolking van Suid-Afrika in die verlede van verval en ontaarding bewaar het, het vandag tot 'n minimum verminder, skryf dr. E. A. Venter in 'n artikel in Die Kerkbode, waarin hy sê dat die tyd nou miskien aangebreek het dat meer aandag aan**

(Vervolg op bls. 5 kol. 1.)

# ONTHULLINGS OOR ONSIGBARE REGERING IN V.S.A.

**Die einde van die wekelange onderhoude van die MacArthur-komitee is slegs die begin van 'n nuwe fase van die stryd om die Amerikaanse buitelandse politiek, wat met vars ammunisie gevoer word. Die resultaat is onafhanklik van dié van die Senaat-komitee; dit kan immers verwag word dat verskeie verslae ingedien sal word, want dit is ongelooflik dat Demokrate en Republikeine dit eens sal wees met enige verslag — behalwe ten opsigte van die mening dat die vorm van MacArthur se ontslag onwaardig en onverantwoordelik was — iets waarmee die hele wêreld saamstem.**

As reeds van die begin af duidelik was dat die „Geval MacArthur" slegs die oorsaak was tot 'n kritiese deurdringing van die hele Amerikaanse buitelandse politiek van die laaste jare, dan is dit juis in die laaste deel van die komitee se verrigtinge besonder duidelik, gehelp deur die feit dat nie die hooftoneelspelers self in die middelpunt staan nie, maar wel manne wat direk min of niks met MacArthur te doen gehad het — maar dan natuurlik meer aan die Amerikaanse buitelandse politiek verbonde was.

In die eerste plaas is dit luitenant-generaal Albert C. Wedemeyer — eens hoof van die generale staf van die V.S.A.-leër, maar veral hoofkommandant van die Amerikaanse Sjina-Leër en spesiale gesant van Roosevelt en Truman in die Verre Ooste wie se „Wedemeyer berigte" wêreldberoemdheid verwerf het deur hulle voorspellings insake Korea en Sjina. Daar was die gewese hoof van die vloot in die Verre Ooste, Onder-admiraal **C. Badger**, wat verantwoordelik was vir die lewering van hulpmateriaal aan Tsjiang Kaisjek; daar was die gewese Oorlogminister onder Hoover en later ambassadeur in Sjina, wat as spesiale gesante van Roosevelt 'n insig in die hoogste staatsgeheime gehad het. Ten slotte — Truman se gewese verdedigingsminister, Louis Johnson, een van die leidende Demokrate, en 'n man wat deur sy groot bydraes tot die Truman-verkiesingsfonds 'n plek in die Truman-familie verower het. Hy het voor die komitee die mees sensasiewekkende uitlatings teen Acheson gemaak.

*Van Ons Noord-Amerikaanse Korrespondent*

Hierdie getuies en veral die belangrike punte wat hulle geopper het sal die middelpunt van die komende buitelandse politieke ontwikkeling vorm en die verkiesing van 1952 beïnvloed.

### ONTHULLING

Drie belangrike vraagstukke word deur hierdie „vertrouens"-getuiens geraak, en met uitstaande kennis behandel: die voorgeskiedenis van die Korea-oorlog; Sjina en Formosa en ten slotte die oorsaak en bron van die moeilikheid: Jalta.

Insake Korea het JOHNSON 'n feit onthul wat in sy betekenis glad nie oorskat kan word nie, nl. **dat die militêre ingryping van Amerika op aandrang van Acheson geskied het, teenstrydig met die raad van al die militêre instansies in Washington en sonder dat MacArthur of enige ander Amerikaanse bevelhebber in die Verre Ooste geraadpleeg is.**

**Hierdie feit is veral belangrik as dit in verband gebring word met die woorde in MacArthur se „Dallas-toespraak" van 15 Junie toe hy na die „onsigbare regering" verwys het, sodat dit vanpas is om woordeliks uit die New York Times van daardie datum aan te haal:** „Louis Johnson, vroeëre verdedigingsminister, het vandag verklaar dat dit Staatsekretaris Acheson was en nie die militêre instansies wat die besluit gegee het dat Amerika tot hulp van die Suid-Koreaners teen die Noord-Koreaners sou ingryp. Geen lid van die Amerikaanse generale staf het hierdie stap aanbeveel nie . . . Dit sou te veelseggend wees, het Johnson voortgegaan, om te beweer dat die militêre aan hierdie besluit hul ‚toestemming' gegee het — 'n besluit wat geneem is sonder dat MacArthur enigsins genader is, hoewel die verantwoordelike bevelhebberskap op hom geval het vir die V.S.A.- en V.V.O.-strydmagte."

### BETEKENIS

**Hierdie sensasionele onthulling neem toe aan betekenis deur die feit wat reeds bekend is maar altyd verkeerd verklaar word, nl. die afwesigheid van die Russiese verteenwoordiger by die beslissende sitting van die Veiligheidsraad in verband met die inmenging van V.V.O. in Korea.**

Soos bekend, was Moskou se Malik nieteenstaande 'n uitnodiging en sy spreekwoordelike stiptelikheid nie teenwoordig toe die besluit omtrent die inmenging in Korea geneem is nie, hoewel sy blote veto voldoende sou wees om die geplande inval in die kiem te smoor. **Mens wil nie waag om die gedagte aan 'n oorsaaklike samehang tussen die houding van Acheson en Malik verder te voer nie; maar mens verstaan MacArthur se uitlating: „Beëindig onsigbare regering gegrond op propaganda!"—(N.Y.T. 16/6/51).**

Die tweede vraagstuk betref Sjina-Formosa, en dit was weer Johnson wat verklaar het dat sy hewige botsings met Acheson insake die Formosa-vraagstuk hom daarvan oortuig het dat die departement van buitelandse sake nie alleen bereid was om Formosa prys te gee nie, maar ook „ter gelegener tyd" Rooi Sjina te erken.

### ONBRUIKBARE HULP

In sy getuienis van die verantwoordelike Amerikaanse administratiewe militêre en politieke hoof, sê Hurley: **„Dit was nie Rusland se krag nie, maar die swakheid van die verwarring waarin na-oorlogse Amerikaanse politiek verkeer het, wat die huidige uitstaande posisie wat Rusland in die wêreld beklee, veroorsaak het. Hierdie verwarring was grotendeels die werk van mense binne in die staatsdepartemente . . . met Acheson aan die spits."** (New York Times, 21/6/51).

Wedemeyer sê: „In die getuienis word herhaaldelik beklemtoon die grootskaalse hulp wat Tsjiang Kaisjek van ons ontvang . . . op papier lyk dit soos baie miljoene dollars, glo 1½ miljoen, maar as ons die eintlike waarde daarvan vir Sjina beskou, dan was dit altyd min of meer ou yster. **Ek het met my eie oë gesien en kan sê dat 'n groot deel van die uitrusting glad onbruikbaar is."** (U.S. News and World Report, 22/6/51).

Badger sê: „Dit is wel reg dat weer gedurende Julie 1948 hulp aan die leër van Tsjiang Kaisjek ter waarde van 16 miljoen dollar bewillig is. **Maar vyf maande lank is nie een enkele ton verskuif nie, en toe het eindelik 10 persent van die materiaal hulle bereik, en dit was so sleg dat dit vir aktiewe oorlogsdoeleindes onbruikbaar was."** (N.Y. TIMES, 20/6/51).

### GESKIEDKUNDIGE VERKLARING

Wat Jalta betref, was dit Hurley wat die argument van Acheson oortuigend stukkend gepluk het en daarbenewens getuienis afgelê het wat geskiedenisnavorsers nog na tientalle jare sal bestudeer:

**„Generaal-majoor Patrick J. Hurley, voormalige gesant in Sjina, het vanaand verklaar dat volgens sy opinie en oortuiging die Jalta-ooreenkoms van 1945 geplan en uitgevoer is deur 'n groep mense uit die departement van buitelandse sake onder leiding van Alger Hiss."** (N.Y. TIMES, 20/6/51).

**Alger Hiss — die geregtiglik-veroordeelde kommunistiese spioen!**

**Dit het 'n diep indruk gemaak op alle demokratiese lede van**

## Roosevelt Se Berou Verydel Na Sy Dood

**die staatskomitee toe Hurley bekendgemaak het dat hy van die sterwende president Roosevelt die opdrag ontvang het om 'n vergadering in die Jalta-ooreenkoms te probeer teweegbring, waarop hy in Londen en Moskou onderhandelings aangeknoop het wat deur die afsterwe van Roosevelt onderbreek en later deur die departement van buitelandse sake gestaak is.**

### STUIT TEEN DEPARTEMENT

**„Genl. Hurley het verklaar dat hy sekere vordering by die Engelse en Russe gemaak het, maar nie met die Amerikaanse departement van buitelandse sake nie, aangesien laasgenoemde die ooreenkoms van Jalta as onveranderbaar verklaar het."** (N.Y. TIMES, 22/6/51).

Teenoor hierdie beëdigde verklaring van Hurley beskou ons die — ook onder eed afgelegde — getuienis van Louis Johnson, verdedigingsminister van Truman soos weergegee in die U.S. News and World Report van 22 Junie 1951:

Vraag: „Bestaan daar nog ander verskille tussen die departement van buitelandse sake en die verdedigingsminister?

**Antwoord: „Daar was 'n hele aantal verskille, bv. omtrent die Japanese vredesverdrag, omtrent Formaso, omtrent Spanje, die opstelling van 'n Duitse leër, die lewering van materiaal agter die ystergordyn, Europese goedere-lewering aan Rooi Sjina en nog meer."**

**'n Mens deins terug vir die gedagte dat daar miskien tog 'n verband kan wees tussen die feit dat Acheson die ingryping in Korea bewerkstellig het en Malik dit toegelaat het. Die dinamiet wat deur die MacArthur-komitee vergader is kan baie maklik volgende jaar die hele Truman-administrasie in die lug skiet.**

---

## Rooies Amptelik Beskerm

(Vervolg van bls. 1 kol. 5.)

Ten slotte word verklaar dat die Atlantiese volke „nuwe en kragtige leiers nodig het voordat dit te laat is . . . **Daar moet onthou word dat uiters sterk magte die nodige skoonmaak sal weerstaan.** Hulle het vriende daarby betrokke. **Dit geld vir sowel Engeland as Amerika.** Die hele vraagstuk van veiligheidsdiens en polisie vereis drastiese optrede."

Die blad Union wys daarop dat in plaas van die spesiale afdeling van die polisie op die spoor van kommuniste te sit, hulle werk eintlik is om die anti-kommunistiese Union-beweging dop te hou en alle openbare toesprake in snelskrif af te neem! Toe die vraag aan een van die polisie gestel is hoe dit moontlik is dat manne soos Maclean en Burgess kan wegloop, het hy geantwoord:

**„Dit is nie ons skuld nie, ons word gekeer deur die mense hoër op."**

---

## Ander se Menings

(Vervolg van bls. 4 kol. 5.)

**die plattelandse gemeentes gewy moet word, aangesien dié ook groot vraagstukke ondervind.**

„Dit skyn soms of uit die oog verloor word dat die vroeëre verskil in geestesinstelling by die plattelander en die stedeling vandag feitlik glad nie meer bestaan nie . . . Die idilliese prentjie wat soms geteken word van die plattelandse lewe, is 'n voorstelling van iets wat in die werklikheid nêrens bestaan nie."

Hy sê dat die moderne vervoer geriewe en tegniese hulpmiddele ook hier die proses van gelykskakeling voltooi en dat die plattelandse predikant ook met maatskaplike euwels moet worstel.

„Moontlik ken die plattelandse dorp minder sondige vermake, maar nou is daar ook weer so 'n gebrek aan geoorloofde vermake."

---

## LAER BELASTING INDIEN ALMAL EERLIK IS

**As die regte bedrag aan belasting wat elkeen in die land verskuldig is, ingevorder kan word, sal die belasting aansienlik verminder kan word.** Hierdie verklaring is voor die volksraad se gekose komitee oor openbare rekeninge gedoen deur mnr. M. J. Wells, kommissaris van binnelandse inkomste.

**As onthou word dat dit nie die middelgroep en arm man is wat die groot belastingontduikers is nie, dan wil dit tog lyk of die Minister van Finansies oorbekommerd was oor die belastingbronne van die rykes toe hy onlangs gesê het dat hy nie meer die skaal by die boonste kerwe kan opskuif nie, maar na die middelgroep en armer seksies sal moet uitbrei.**

**Omdat so baie rykes hul belasting ontduik, moet die armes nou aangekeer word!**

---

**Bykans 500 nudiste** het hulle jaarlikse byeenkoms geëindig toe hulle 'n kerkdiens sonder 'n draad klere bygewoon het, berig Sapa-United Press uit Mays Landing (New Jersey).

Mans, vrouens en kinders — almal nakend — het in die opelug byeengekom en gewyde liedere gesing onder begeleiding van 'n trompet.




Vir geurige verfrissing en vroulike verfyndheid

KWV

-Eau de Cologne en -Laventel




K97

BRILLE

Bring u oogarts se voorskrif vir brille na ons.

GOEIE WERK TEEN BILLIKE PRYSE.

GEHOORAPPARAAT
OOK IN VOORRAAD

Die Voortrekker-Apteek

Kerklaan, KAAPSTAD.

Maitlandstraat, BLOEMFONTEIN.

Besoek ons of skryf om Besonderhede.

NET 'N PAAR ITEMS

om u in staat te stel om ons pryse te vergelyk

| | |
|---|---|
| Boston Potlood-skerpmakers ... ... ... ... ... | @ 15/- elk |
| Mercury Draadheg-masjiene ... ... ... ... ... | @ 29/6 elk |
| Dubbele Glas-Inkpotte ... ... ... ... ... ... | @ 6/9 elk |
| Afrolpapier, 13 dm. x 8 dm. ... ... ... ... | @ 7/- per Riem |
| Tikpapier, 13 dm. x 8 dm. ... ... ... ... | @ 7/8 per Riem |
| Tikpapier, 10 dm. x 8 dm. ... ... ... ... | @ 5/7 per Riem |
| Losblad Grootboeke — alle groottes in voorraad, | pryse vanaf £3/5/- |

Alle Kantoorbenodigdhede voorradig — Dit sal u betaal om u volgende bestelling by ons te plaas.

SOLMS VAN NIEKERK (EDMS.) BPK.

Groote Kerkgebou 322, KAAPSTAD - Telefoon 2-7071

# So Werk Die Parlement: Twis Oor Omvang Van Partye Se Vergaderings

**'n Groot deel van die tyd — waarskynlik die oorgrote deel van die tyd in die parlement word nie vir die bevordering van landsbelange gebruik nie, maar deur „Sy Majesteit se Opposisie" en „Sy Majesteit se Regering" verknaag in hul „spel" teen mekaar om besit van die regeringskussings. Hieronder volg nog 'n voorbeeld uit Hansard van die partygeskarrel — iets wat nooit in die ou Boererepublieke voorgekom het nie omdat daar geen Britse partystelsel in swang was nie:**

KAPT. HENWOOD: Hy sou natuurlik daarvan gehou het dat ons daarheen moes gaan en afskeiding moes verkondig, maar omdat ons dit nie gedoen het nie, omdat ons wat in Suid-Afrika glo, die verskanste artikels van die Suid-Afrika-wet glo, en ons bereid is om vir hulle te veg, en omdat ons bereid is om daardie evangelie te verkondig en om leiding te gee aan mense as die saak onder bespreking is, praat die agb. Minister van Ekonomiese Sake, wat nie die morele waardes van die vraagstukke voor hierdie Raad en voor die land verstaan nie, smalend van ons. **Hy het ook verwys na die wyse waarop die mense van Durban byeengekom en na die agb. Eerste Minister geluister het. Die agb. Eerste Minister as sulks was in die regte gees in Durban ontvang en hy het 'n baie goeie gehoor by sy vergadering gehad. Dit word allerweë toegegee dat die stadsaal vol was. Dit was goed vol, maar die ander dag toe twee van ons agterbankers op uitnodiging van die mense daarheen gegaan het om hulle oor hierdie saak toe te spreek, kon jy nie in die stadsaal inkom nie. Daar was geen staanplek nie en daar was etlike duisende buitekant.**

'N AGB. LID: **Wat 'n groot kudde.**

KAPT. HENWOOD: Ja, dit is die soort argument wat deur agb. lede daar anderkant voorgebring word wanneer ons 'n belangrike saak soos die Suid-Afrikaanse Grondwet bespreek. Dit is die soort peil waartoe die debat daal as agb. lede aan die anderkant die Grondwet en die morele aspekte van die verskanste artikels bespreek. Agb. lede daar anderkant mag dink dit is snaaks, maar die mense van Suid-Afrika sal nie dink dit is snaaks nie.

**Die agb. Minister van Lande, wat ook gedurende die loop van ons toesprake met ons gespot het by wyse van tussenwerpsels, het nie die moed gehad om die stadsaal in Pietermaritzburg te neem nie.** Daar was alreeds vanoggend een weiering om aan 'n agb. lid ekstra tyd te gee. Waarom? Dit was omdat hy op u tone getrap het. U het so baie tussenwerpsels gemaak dat hy nie met sy toespraak kon voortgaan nie en toe hy mettertyd sy toespraak gemaak en u teen sesuur in die oggend oor die kole gehaal het, het die agb. lid vir Randfontein (dr. Diederichs) geweier om ekstra tyd aan hom te verleen omdat hy die waarheid gepraat het. Hy het die ware toedrag gegee, en die vergelyking en die analogie van ons land in vergelyking met 'n ander land.

MNR. S. E. WARREN: Waarom gaan u nie na 'n ander land nie?

KAPT. HENWOOD: Die agb. lid vir Randfontein is die laaste persoon wat moet praat wanneer dit kom by die onderdrukking van die waarheid met betrekking tot enigiets wat gesê was toe 'n vergelyking gemaak was.

'N AGB. LID: Dit was nie die agb. lid vir Randfontein nie.

MNR. DE V. VISSER: Op 'n punt van orde, dit was nie die agb. lid vir Randfontein nie.

DIE ADJUNK-SPEAKER: As dit nie die agb. lid vir Randfontein was nie, dan moet die agb. lid sy opmerkings terugtrek.

KAPT. HENWOOD: **Ek trek dit terug. Van die stem het ek gemeen dat dit 'n agb. lid aan daardie kant is. Ek meen dit is nou nog ernstiger, en dat dit 'n Sweep aan die anderkant was. Ek meen dit was die agb. lid vir Calvinia (mnr. P. J. H. Luttig) as ek nie verkeerd is nie.**

DR. VAN NIEROP: U is heeltemal verkeerd.

KAPT. HENWOOD: Ontken dat dit die agb. lid vir Calvinia was, dan sal ek terugtrek.

DR. VAN NIEROP: Ek ontken dit.

KAPT. HENWOOD: **Dit maak nie werklik saak nie. Agb. lede daar anderkant het tussenin gepraat terwyl die agb. lid sy toespraak gelewer het.** Die oomblik dat ons met feite te doen kry en op die tone van daardie agb. lede daar anderkant trap, wat nie bereid is om op te staan en die saak te beredeneer nie, sit hulle daar en maak onbeleefde tussenwerpsels.

MNR. MENTZ: Wat debatteer u?

KAPT. HENWOOD: **Mnr. die Speaker, ek wonder watter beskerming ons van al die geraas daar anderkant kry, van daardie deel wat algemeen as die kombuis bekend is, maar wat ek verkies om die opwasplek te noem.** Nou wil ek verder gaan en die Minister van Lande behandel. Die agb. Minister van Lande het slegs verlede Saterdagaand in Potchefstroom gesê dat die wittes die stemregmonopolie moet hou.

MNR. A. STEYN: Die groot wittes.

MNR. S. E. WARREN: Die groot swartes.

DIE ADJUNK-SPEAKER: Orde! . . .

KAPT. HENWOOD: U het dit voorheen gehoor en u het dit van die agb. lid vir Kensington gehoor dat daardie mense vir die Suid-Afrikaanse Grondwet geveg het en vir die beskerming van Suid-Afrika, terwyl baie van u vriende, die vriende van die agb. lede aan die anderkant, elektriese kragtorings aan die Rand opgeblaas het, met militêre treine ingemeng het, inligting aan mense in Duitsland gegee het om oor die Zeesen-radio uit te saai en sommige van ons skepe gesink was met soldate wat van die oorlog oorsee af teruggekom het en wie se lyke aan die Natalse kus uitgespoel was. (Tussenwerpsels).

KAPT. G. H. F. STRYDOM: (Onhoorbaar).

MNR. MORTIFEE: Mnr. die Speaker, op 'n punt van orde, is die agb. lid vir Aliwal Noord (mnr. G. H. F. Strydom) geregtig om te sê dat die bewering van die agb. lid vir Pietermaritzburg-distrik (kapt. Henwood) 'n opsetlike leuen is?

KAPT. G. H. F. STRYDOM: Wat die agb. lid gesê het, was dat ons brûens opgeblaas het en dat ons inligting aan Hitler gegee het en in verband daarmee het ek gesê dat dit 'n „opsetlike leuen" is.

AGB. LEDE: Trek terug.

KAPT. HENWOOD: Ek het nie gesê die agb. lede nie — ek het gesê vriende en ondersteuners van die huidige Regering wat teen die oorlogspoging was. (Tussenwerpsels).

MNR. MORTIFEE: Op 'n punt van orde, moet die agb. lid vir Aliwal-Noord nie daardie opmerking terugtrek nie? Die Speaker van hierdie Raad het, ek meen slegs gister, gereël dat die woord leuen nie in hierdie Raad gebesig moet word nie. Die agb. lid vir Aliwal-Noord het daardie woord gebruik in 'n tussenwerpsel wat hy gemaak het toe die agb. lid vir Pietermaritzburg (distrik) die Raad toegespreek het. Hy het verder gesê dat dit 'n opsetlike leuen is.

AGB. LEDE: Trek terug.

KAPT. G. H. F. STRYDOM: Die agb. lid het gesê dat ons aan hierdie kant van die Raad brûens opgeblaas het. (Tussenwerpsels).

DIE ADJUNK-SPEAKER: Die agb. lid moet die woord „leuen" terugtrek.

KAPT. G. H. F. STRYDOM: Ek wil graag sê, mnr. die Speaker, dat ek persoonlik en wat dit betref geen ander agb. lid aan hierdie kant enigiets van die soort gedoen het nie.

AGB. LEDE: Trek terug.

(Vervolg in volg. kol.)

(Vervolg van vorige kol.)

KAPT. G. H. F. STRYDOM: As ek die woord moet terugtrek, sal ek dit doen en my aan u reëling onderwerp.

Tot sover Hansard. **Het hierdie gevit, waarvan ons maar net 'n brokkie geplaas het, die land een skrede vorentoe op sy pad gehelp? Het dit ons een duim nader gebring aan die oplossing van selfs maar die geringste van ons landsvraagstukke?**

**Maar dit kos die belastingbetaler — en parlementslede is grootliks vrygestel van belasting — £3 vir elke minuut wat die parlement sit.**

## AANNEEMLIKE DEMOKRATIESE EENMANSREGERING

Onderstaande „juweeltjie" uit Hansard van 11 Junie 1951:

Mnr. Lawrence: . . . Die agb. Minister van Justisie, die Eerste Minister self sal miskien probeer om die gety te stuit. Ek weet dat die Eerste Minister groot moeilikhede het met die reaksionêres in sy eie party. **As die agb. Eerste Minister aan homself oorgelaat was, as hy 'n eenman-regering was, sou ons waarskynlik fatsoenlike demokratiese rereging in die land gehad het.**

„Die Eerste Minister: **Moet my nie prys nie.**

„Mnr. Lawrence: Nee, ek prys nie die Eerste Minister nie.

„Die Eerste Minister: **Dit sal my breek.**

„Mnr. Lawrence: Dit sy verre van my om die Eerste Minister te prys. Hy weet dat ek fundamenteel van hom verskil in verband met politieke beginsels. Maar ek simpatiseer met hom. Ek kom nie om die Eerste Minister te prys nie, maar om met hom te simpatiseer want ek weet watter druk daar feitlik daagliks op hom moet uitgeoefen word deur die weerspanninge elemente in die kabinet en die weerspannige elemente op die agterbanke."

# PRYSSTYGING AS ‚RANTSOENERING'?

**Die minister van ekonomiese sake het verlede Saterdag aangekondig dat die prys van petrol met $1\frac{1}{2}$ pennie verhoog is „ná deeglike ondersoek" na die oliemaatskappye se klagte oor stygende skeepstariewe. Terselfdertyd het die minister die publiek getroos met die verwysing na petrolpryse in ander lande. „Ek glo nie dit word algemeen besef dat die prys in Kaapstad (32 pennies) nie baie hoër is as in San Francisco (26 pennies), nie, wat naby Kaliforniese olievelde geleë is," het hy gesê.**

**Wat die troos van die minister betref, moet daarop gewys word dat lone in San Francisco drie maal so hoog is as in Suid-Afrika, sodat die prys daar in verhouding tot inkomste inderdaad meer as drie keer so laag as in Kaapstad is.**

Die vorige prysverhoging van petrol was in Desember 1950, toe dit met 2 pennies verhoog is. In Maart daardie jaar het die regering die prys met 3d. verhoog as 'n alternatief vir rantsoenering, terwyl die prys in Oktober 1949 met 2d. verhoog is met die oog op devaluasie.

Toe die regering die prys 7 maande gelede verhoog het, is verklaar dat die oliemaatskappye „nie kan uitkom nie." **Presies 'n maand later is in die pers berig dat een van die grootste oliemaatskappye sy tussentydse diwidend verdubbel het en dat die hoop dus bestaan dat 'n totale diwidend van 15 persent uitgekeer sal word.**

**Skeepsmaatskappye ontken ook dat hul tariewe sedert Desember verhoog is.**

### BESORG OOR VOORRAAD

**As hierby in aanmerking geneem word dat die regering besorgd is oor ons petrolvoorraad weens die moeilikhede in Persië, en dat die regering reeds prysverhoging aanvaar het as alternatief vir rantsoenering, ontstaan die vraag of die huidige prysstyging nie eerder bedoel is as 'n rantsoeneringsmaatreël in plaas van vergoeding aan die maatskappye vir veronderstelde hoër skeepstariewe nie.**

**Alles dui daarop dat dit so is. Maar indien so, dan doen die regering 'n baie groot onreg aan die „middelgroep" en die arm man vir wie die minister van finansies nou ook met hoër inkomstebelasting dreig.**

Baie van hierdie laer inkomstegroepe is vir hul bestaan afhanklik van petrolvoertuie. Hulle moet nou duurder betaal, terwyl die gewone salaris- en loontrekker hul ritjies moet inkort — en sodoende tot petrolbesparing bydra. **Maar die ryk man, vir wie dit eintlik nie saak maak of hy 3/- of 5/- vir sy duur motor se petrol betaal nie, sal nog net soveel na perdereisies en ander vermaaklikheidsplekke ry as voorheen. Net die armer man word gedwing om petrolverbruik in te kort.**

### HARDVOGTIG

**Dit is 'n hardvogtige manier van petrolrantsoenering. Dit is 'n klasrantsoenering, met vrystelling van die rykmansklas, net soos die hoogsbesoldigde in ons land — die ministers en leier van die opposisie — van inkomstebelasting grootliks vrygestel word.**

**Wat meer, dit is 'n rantsoeneringstelsel wat groter winste vir kapitalistiese ondernemings besorg as vergoeding vir moontlike verbruiksinkorting.**

**Dit sal 'n ongelukkige dag vir nasionalisme in ons land wees as die volk tot die gevolgtrekking moet kom dat ons nasionale bewind 'n rykmansregering is.**

„DIE O.B." word gedruk deur Pro Ecclesia Drukkery, Stellenbosch, vir die eienaars en uitgewers: VOORSLAG (Edms.) Beperk, Groote Kerkgebou 703, Posbus 1411, Kerkplein, Kaapstad.



## SUID-AFRIKAANSE SPOORWEË

**AANLEGTOETSE VIR TOELATING VAN VAKLEERLINGE TOT DIE SPOORWEGDIENS**

Vir algemene inligting word bekend gemaak dat aanlegtoetse vir toelating as vakleerlinge tot die Spoorwegdiens binnekort op die volgende toetssentrums afgeneem sal word:

| | |
|---|---|
| **Kaapstad** | **Oos-Londen** |
| **Uitenhage** | **Pietermaritzburg** |
| **Durban** | **Upington** |
| **Pretoria** | **Bloemfontein** |
| **Kimberley** | **Johannesburg** |
| **Windhoek** | |

'n Seun wat standerd ses met goeie gevolg afgelê het of in November/Desember 1951 sal aflê, en op 30 September 1951, 15 jaar of ouer maar nog nie 19 jaar sal wees nie, kan vir die aanlegtoetse inskryf.

Seuns wat 19 jaar of ouer is, maar hoër opvoedkundige kwalifikasies as standerd sewe of spesiale kwalifikasies besit, asook diegene onder 15 jaar maar wat daardie ouderdom op of voor 2 Januarie 1952 sal bereik, kan toestemming van die Departement kry om die aanlegtoetse af te lê, en elke geval sal op sy meriete behandel word.

Nader besonderhede kan van enige werktuigkundige ingenieur, afdelingsbestuurder of stasiemeester verkry word.

Kandidate moet die aanlegtoetse op die toetssentrums naaste aan hul tuiste aflê, en aansoeke om vir die aanlegtoetse in te skryf **saam met die geboorte- en skoolsertifikaat van die applikant moet** betyds ingestuur word om die naaste werktuigkundige ingenieur of die afdelingsbestuurders, Kimberley, Johannesburg of Windhoek nie later as 6 Augustus 1951 te bereik nie. **Aansoeke om vir die aanlegtoetse in te skryf, moet nie aan die hoofbestuurder gestuur word nie.**

Kandidate wat na 'n toetssentrum reis met 'n spoorwegvrypas deur die Administrasie verskaf, en later 'n aanbod van die hand wys om as vakleerling in die Diens aangestel te word, moet die Administrasie vergoed vir die reis wat onderneem is.

D. H. C. DU PLESSIS,

S.237/3 Waarn. Hoofbestuurder.